

ZXSWB - Aandele Terugkoop

Agribel Holdings Beperk - ZXSWB

ISIN Nommer: ZAEZ00000026

AANDELE TERUGKOOPPROGRAM

AGRIBEL HOLDINGS BEPERK

(Ingelyf in die Republiek van Suid Africa)

Registrasie Nommer: 1996/017629/06

(“**Agribel**” of “**die Maatskappy**”)

Die Raad van Direkteure van Agribel (“**Direksie**”) gee hiermee kennis aan aandeelhouers dat besluit is om gewone aandele in Agribel (“**Agribel-aandele**”) wat op ZAR X genoteer is terug te koop via Agribel Capital Eiendoms Beperk (**Agribel Capital**), 'n filiaal van die Maatskappy, wat 'n onafhanklike makelaar sal aanstel om die aankoop van die aandele te onderneem. Aandele wat deur Agribel Capital as deel van die program aangekoop word sal gehou word as 'tesourie-voorraad' hangende 'n verdere besluit deur die Direksie (die “**Terugkoopprogram**”).

Ingevolge die Terugkoopprogram sal die prys per Agribel Aandeel die heersende markprys op ZAR X wees binne 'n band van nie minder nie as R 5,50 per aandeel en nie meer as R 6,60 per aandeel, met 'n gemiddelde prys van R 6,25 per aandeel gedurende die termyn van die program. Die maksimum totale bedrag wat bestee sal word tydens die Terugkoopprogram is R 10 miljoen, ongeag die aantal Agribel-aandele wat teruggekoop is. Die maksimum totale aantal Agribel-aandele wat teruggekoop word sal nie meer wees nie as 2% (twee persent) van die totale uitgereikte aandelekapitaal van die Maatskappy met aanvang van die Terugkoopprogram.

Die Terugkoopprogram sal in aanvang neem op 2 November 2020 (“**Aanvangsdatum**”) en eindig op 30 November 2020 of tot wanneer die totale kapitaal toegewys aan Terugkoopprogram uitgeput is of die maksimum aantal aandele waarvoor die program voorsiening maak, verkry is, wat ookal eerste plaasvind. Die Direksie behou egter die reg voor om, na goeddunke, die program vroeër, met kennisgewing aan aandeelhouers, te beëindig.

Alle terugkope wat ingevolge die Terugkoopprogram gedoen word, sal voldoen aan die vereistes van artikels 48, 46 en 45 van die Maatskappywet, 71 van 2008, soos gewysig, insluitende die vereiste magtiging aan direkteure om aan die program deel te neem.

Die Direksie is van mening dat die Maatskappy se aandele ondergewaardeer is, en die Direksie het besluit dat dit geleë is om 'n Terugkoopprogram te onderneem. Verder word die Terugkoopprogram geïmplementeer om aandeelhouers 'n vrywillige keuse te bied tot 'n waarde-ontsluitings geleentheid, terwyl likiditeit in die Maatskappy se aandele verhoog word.

Aangesien die prys vir die Terugkoopprogram gebaseer is op die heersende markprys van die Agribel-aandele, is die Direksie van mening dat die aanbod om terug te koop redelik en billik is.

Senwes Beperk het op 26 Oktober 2020 'n wins opdatering vir die Senwes Groep gepubliseer. Aandeehouers word gevolglik gewaarsku om nie met hul aandele te handel alvorens hulle nie die besonderhede van die wins opdatering oorweeg het nie.

Aandeehouers word verder in kennis gestel dat indien die aandele van die Maatskappy onderwaardeer bly en likiditeit in die verhandeling van die aandele beperk bly, die Direksie voorsien, onderhewig aan die beskikbaarheid van voldoende kontant reserwes, dat verdere terugkope moontlik in die toekoms onderneem kan word, die besonderhede waarvan mettertyd gepubliseer sal word sodra 'n finale besluit daaroor geneem word.

In opdrag van die Raad van Direkteure.

AE Scholtz
MAATSKAPPYSEKRETARIS
Telnr. (012) 667 5454 / (076) 212 1776
Klerksdorp
26 Oktober 2020